

**22 Augustus**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 4:1-31**  
**Fokusgedeelte: Galasiërs 4:3-5**

### **Die draaipunt in die geskiedenis**

Die koms van ons Here Jesus Christus, is die draaipunt in die geskiedenis van die mensdom. Oor hierdie draaipunt sing ons en dank ons die Here. Jesus Christus het gekom om ons van slawerny te bevry.

Volgens die gedagtegang van Galasiërs, is daar twee soorte slawerny. Die een vorm is die slawerny wat heidene beleef, en die ander vorm is dit wat Jode beleef. Die heidene is armsalige slawe van die natuur. Hulle is verslaaf aan die natuurlike proses van groei en sterf. Geen heiden het uitkoms teen hierdie natuurlike proses wat noodwendig op die dood uitloop nie. Hierbenewens is die Jode, wat krampagtig vashou aan wettiese godsdienstige reëls, ook patetiese slawe. Hulle verset hulle teen die evangelie van Christus. Met menslike pogings probeer hulle tevergeefs om by God uit te kom.

In die volheid van die tyd het God sy Seun na die wêreld gestuur. Hy het die slaafse geswoeg van die heidene en Jode gesien. Hy het gesien hoe die heidene net leef om uiteindelik te sterf en dat die Jode net werk om hulle skuld nog meer te maak. Sy Seun het die heerlikheid en vryheid by die Vader verlaat om na die wêreld met sy dodelike slawerny te kom. Hy het Homself verneder. Hy is uit 'n vrou gebore om Hom van geboorte af onder die wet te stel. Hy was onderworpe aan die bindinge van die natuurlike lewe. Hy het gekom om Hom te laat verslaaf aan die wet van die oordeel en dood. Gedurende sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan het Hy onder die vloek van die verslawing gely. Die doodsoordeel het Hom aan die kruis getref. Hy het die oordeel van die Vader oor die Jode en heidene gedra. So het Hy diegene wat onder die wet was, losgekoop van die vloek van die wet.

Oor hierdie bevryding deur die Seun van God, juig alle verlostes. God het sy Heilige Gees in ons harte gestuur om ons te verseker dat ons nie meer slawe is nie, maar dat God ons as sy kinders aangeneem het. Ons lewe nou in kinderlike vertrouwe op ons hemelse Vader.

Sing: Psalm 116:1-3

Prof FP Viljoen (Potchefstroom)